# 3. SAALOPENING: Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.

## Inleiding:

Daar is ‘n gesegde in Afrikaans, wat eintlik uit die Bybel kom Matteus 6:19-21 veral vers 21 "Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees". Kom ons raak gou parkties voordat ons verder gaan.

## Praktiese Illustrasie:

Laai 'n klompie geluide of liedjies van die internet af, en speel dit vir die kinders voordat jy die storie vertel. Jy kan selfs weer 'n klompie na die tyd speel om die storie aan die kinders te illustreer.

## Stories: Wat is vir jou belangrik? (Kort weergawe)

Wat is vir jou belangrik, vertel die storie van 'n plaasjapie en sy vriend wat in die stad loop. Skielik hoor die plaasjapie 'n kriek, en sy vriend sê vir hom dat hy mal is, en nooit 'n kriek in die stad se lawaai sal kan hoor nie.

Die plaasjapie vind die kriek en sy vriend is verstom. Die plaasjapie verduidelik aan sy vriend dat jy dit sal hoor wat vir jou belangrik is. Hy laat twee munstukke op die sypaadjie val en skielik staan almal om hulle stil om te kyk of dit nie dalk hulle geld is wat geval het nie. Wat jy hoor, hang af van wat vir jou belangrik is!

## Toepassing:

Watter van die geluide het JY herken? Die goed wat jy jou heeldag mee besig hou, en dus vir jou belangrik is, want DIT gaan vir jou sê waar jou hart is?

Vanoggend is die vraag wat is vir JOU belangrik, want dit waarmee jy jou besig hou (skat) is dit wat vir jou belangrik is (waar jou hart is) vriende, chat, social media, speel, partytjies.

Het Jesus OOK ‘n plekkie in jou lewe, of is jou lewe so vol van JOU, en dit wat vir JOU belangrik is, dat daar nêrens vir Hom ‘n plek is nie?

Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees…..

**SLUIT AF MET GEBED**